# KENNE, DENKE EN OPENBARING IN DIE (REGS-)WETENSKAP VOLGENS DIE WYSBEGEERTE VAN DIE SKEPPINGSIDEE.

A. W. G. Raath

Dept. Staatsreg en Regsfilosofie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9301

ABSTRACT

In this article the role of knowledge, thought and revelation in (jural-)science, according to the *Philosophy of the Idea of Creation*, is subjected to a critical analyses. It is concluded that, firstly the so-called method of *Wesenschau* is used by all branches of Calvinistic philosophy to reveal the modal kernel of the jural law-sphere. The methodological approach of H. J. van Eikema Hommes clearly illustrates this. Secondly it is concluded that H. G. Stoker awards the correct position to knowledge, thought and revelation in his philosophy. The emphasis on human thought is a legacy of Humanistic theories of knowledge.

## 1. INLEIDEND

Is die transendentale metode voldoende vir 'n studie van die reg? Beteken 'n gebruik van die transendentale metode van *die Wysbegeerte van die Wetsidee* dat ander metodes oorbodig vir 'n studie van die reg is? Is daar bestaansreg vir die gebruik van die diafanerotiese metode volgens *die Wysbegeerte van die Skeppingsidee*? Watter rol behoort aan kenne, denke en openbaring in 'n studie van die reg toegeken te word? Op hierdie en desgelyke vrae het Calvinistiese

Koers 51 (1) 1986
ISSN 0023-270X

denkers deur die jare heen uiteenlopende antwoorde verstrek. Daar heers egter grootliks eenstemmigheid dat onder andere 'n juiste beskouing van die rol van kenne, denke en openbaring van fundamentele belang vir 'n Calvinistiese kenleer is. Die doel van hierdie artikel is grootliks daarop gerig om die standpunte van die Wysbegeerte van die Skeppingsidee in hierdie verband te ondersoek en die diensbaarheid van die diafanerotiese metode in hierdie verband van naderby te ondersoek.

## 2. DIE KENLEER VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE SKEPPINGSIDEE

### 2.1 Die subjek-objek-relasie en die kenne

Wat die betekenis van die terme "subjek" en "objek" in die gangbare kenteorieë betref, verklaar H. G. Stoker (1969:278) dat dit veelsinni, is. Ook die Wysbegeerte van die Wetsidee het onlangs sy eie betekenis aan dié terme geheg. Stoker verstaan hier "'subjek' en 'objek' in hul mees gangbare betekenisse, soos bv. veral in die natuurwetenskappe gehuldig" (1969:278, voetnoot).

Volgens Stoker word die stelling "Kenne is 'n relasie tussen 'n (ken-)subjek en 'n (ken-)objek" in verskillende nuanserings in byna elke periode van die geskiedenis van die kenleer aangetref. Alhoewel dit meestal die uitgangspunt of basis, waarop die leer van kennis gebou word, vorm "...geld hierdie stelling slegs vir 'n bepaalde aspek van menslike kenne en is dit as sodanig te abstrak en te eng (beperk) om daarop 'n kenleer wat aan die kenne reg laat wedervaar, te bou" (Stoker, 1969:278). In sy kenleer lê Stoker voorts klem op die volgende:

a. Die kenbare is nie net kenobjek nie.

b. Die mens as kenner is nie net kensubjek nie.

c. Kenne is nie net 'n relasie tussen 'n kensubjek en 'n kenobjek nie.

Alhoewel 'n mens vanuit 'n betrokke gesigspunt stof, plant, dier en selfs die mens as kenobjekte kan beskou, is dit 'n vraag of jy jouself en jou medemens, vir sover hulle subjekte is en 'n mens hulle as subjekte wil leer ken, ook as kenobjekte kan beskou. Die vraag is ook of, indien ons 'n menslike kenne van God volgens sy Self-openbaring vorm, ons God as 'n (ken-)objek kan beskou? Aan hierdie en dergelike vrae kleef ernstige moeilikhede. Indien ons God, volgens sy Self-openbaring, en die mens as subjek gesien, nie as objekte mag beskou nie, dan kan die bogemelde stelling nie as uitgangspunt of basis vir 'n kenleer, wat aan die hele kenne beantwoord, dien nie (Stoker, 1969:279). Aanhangers van die bogenoemde stelling beweer dat die kensubjek aktief en die kenobjek passief is; dat die (ken-)objek, "stof" of "materiaal" is wat die (ken-) subjek verwerk om kennis te vorm. Vanuit 'n bepaalde en enige gesigspur : is dit juis.

Volgens Stoker (1969:279) se ondersoek van wetenskaplike vryheid en wetenskaplike waarheid stel die kenbare as moontlikheid 'n taak aan die mens as kenner; "spreek" dit die mens as kenner aan om geken te word; is dit 'n vraag tot die mens as kenner gerig om met sy kenne daarop te antwoord. So gesien bring die kenbare die kenner in beweging "soos 'n beminde haar minnaars beweeg". Hieruit blyk dan dat die kenbare meer en iets anders as net 'n kenobjek is. Daar word ook beweer dat die kensubjek in sy vorming van kennis niks aan die kenobjek mag verander nie. In 'n bepaalde opsig is dit, net soos die vorige bewering, juis. Maar dieper gesien bring die mens as kenner deur te ken tog aan die kenbare verandering aan. Hy maak wat in sy kenbaarheid moontlik is, aktueel. Hy maak antwoordend die onafheid van die kenbare as vraag af. Ook hieruit blyk dat die kenbare meer as net kenobjek is (Stoker, 1969:279).

Die mens is as kenner nie net kensubjek nie. Tewens, met die vorming van kennis speel nie net kenaanleg, kentalente, kenaktes en kenfunksies 'n rol nie, maar die hele mens met sy liefde, begeerte, wilsvolharding, vertroue, ensovoorts. Die mens as kenner is meer

as net kensubjek. Gevolglik is dit 'n verengde abstraksie om die mens net as kensubjek te sien:

> "Uit bostaande en wat voorheen aangaande ken-(i. c. wetenskaplike) vryheid gestel is, asook uit wat voorheen aangaande ken-(i. c. wetenskaplike) waarheid gestel is, blyk dat wie die mens as kenner tot blote (ken-)subjek reduseer, aan ken-(i. c. wetenskaplike) vryheid en aan ken-(i. c. wetenskaplike) waarheid geen volle reg kan laat wedervaar nie" (Stoker, 1969:280).

Uit die voorgaande blyk dat ook die kenne nie net 'n relasie tussen 'n subjek en 'n objek kan wees nie: "Wie kenne tot 'n relasie tussen 'n (ken-)subjek en 'n (ken-)objek reduseer, lig kenne (abstraherend) uit sy strukturele verband met die kosmos uit. Maar dan verloor hy ook die originêr gegewe, asimmetiese, korrelasionele verbondenheid van die kenne en die kenbare uit die oog en loop hy hom teen 'n dualiteit van kenne respektiewelik (ken-)subjek en (ken-)objek vas, van waaruit hy dan op 'n kunsmatige wyse 'n band tussen hulle moet lê" (Stoker, 1969:280). Dit is ook duidelik dat met die genoemde reduksie die relasionele selfstandigheid van kenvryheid asook die inisiatief en leiding van die kenbare in die kenproses nie tot hul reg kan kom nie. Ook dié reduksie kan aan die verband van die menslike kenne en Goddelike roeping geen reg laat wedervaar nie, omdat met die betrokke abstraksie ook dit vantevore uitgeskakel word. Histories gesien is kenne as antwoording op die kenbare 'n proses waarby elke voortskrydende kenne (antwoord) die kensituasie verander en die kenbare in sy verdere onslotenheid die mens as kenner voor nuwe probleme stel: "Wie kenne uitsluitlik as 'n relasie tussen (ken-)subjek en (ken-)objek wil verstaan, kan aan die historiese aspek van kenne ook moeilik reg laat wedervaar" (Stoker, 1969:280).

## 2.2 Die aanvang van kenne

Aangaande die aanvang van kenne kan H. G. Stoker se standpunt soos volg saamgevat word:

a. Geloof is fundamenteel met die menslike bestaan verbind en het universele betekenis vir die hele lewe van die mens, onder andere vir al sy toerekenbare en verantwoordelike ken, beleef en doen. Geloof is dus ook fundamenteel vir die vorming van kennis. Sonder geloof aan die kenbare en daarmee aan die wetsorde, asook aan die bewyskrag van die denke, kan die mens geen kennis vorm nie. Geloof aan die met ontmoeting gegewe kenbare kan nie bewys word nie, maar slegs begrond word (Stoker, 1969:285). Net soos geloof het twyfel kontak met die kenbare (die gronde), anders hang dit in die lug. Maar, anders as in die geval van geloof, gaan hierdie kontak by twyfel nie in ontmoeting oor nie; die twyfelende kan hom nie aan die betrokke gegewens oorgee nie. Juis omdat die twyfelende wil maar nie kan glo nie, die kenbare nie kan ontmoet nie, kan kenne nie met twyfel begin nie.

b. Die populêre stelling "kennis begin met waarneming" is ten dele juis. Omdat die kenbare nie net deur middel van sintuiglike waarneming ontvang word nie, maar ook deur middel van introspeksie, waardekeuring, weerstandservaring, intuïsie en geloof aan die openbaring van God in sy Woord en in sy Skepping, moet die stelling eintlik lui: "Kennis begin met ontwaring" (Stoker, 1969:281). Daar moet egter onthou word dat die mens as hele persoon ontwaar, dat ontwaring nie van kenne isoleerbaar is nie en dat met ontwaring die persoonlike faktor 'n rol speel. Hierby mag gevoeg word dat aan wetenskaplike waarneming (ontwaring) voor-wetenskaplike ontwaring vooraf gaan. Ook neem die mens iets nie in isolasie waar nie, maar altyd as voorgrond van 'n daarmee verbonde agtergrond. Hoe meer 'n mens trag om teoreties abstraherend waarneming van kenne en/of van die gegewe agtergrond te isoleer, hoe sinlediger word dit.

Met ontwaring kom die kenner met die kenbare in kontak (Stoker, 1969:281). Met hierdie kontak is 'n moontlikheid van keuse gegee. 'n Mens kan onder andere reg, onvolledig, verkeerd en onder invloed van vooroordele ontwaar. 'n Mens kan die waargeneemde (ontwaarde) soos dit hom aanbied, glo en aanvaar of subjektiveer (dit as blote subjektiewe bewussynsverskynsel beskou) of betwyfel en selfs verwerp.

Die deur middel van ontwaring "gegewe kontak van kenner en kenbare word deur die geloof aan die kenbare 'n ontmoeting van die twee" (Stoker 1969:282). Met hierdie ontmoeting is die ontwaarde 'n gegewe (iets wat gegee is, iets wat hom aanbied as geskenk), terwyl die kenner dit ontvang (aanneem, gryp). Ontmoeting is dus meer as kontak tussen die twee, want dit vereis dat die ontwaarde in sy outopistie tot die kenner "spreek" en die kenner hom gelowend en vertrouend daaraan oorgee. Hierdie kenrelasie van gee en neem is in die struktuur van die kosmos ingebed soos byvoorbeeld die relasie van aksie en reaksie of van bevrugting struktureel in die kosmos ingebed is, want die mens staan as ontwaarder nie los van die kosmos nie.

Geloof aan die kenbare soos ontmoet is dus vir die kenner konstitutief - dit behoort tot die wese, die struktuur van die menslike kenne. Hier is dus geen grond vir eiewillige keuse of outonome vervoeging ten opsigte van die kengegewens nie. Nog meer: deur die geloof word konstitutief 'n band gelê tussen die kenner en die kenbare. Geloof aan die ontwaarde soos ontmoet, is 'n "Bejahung" van die kenbare. "Dit is (om 'n term van Blondel te leen) die begin van 'n 'simbiose'. dit wil sê van 'n samehang van die kenner (resp. kenne) en die kenbare (soos byvoorbeeld die intieme 'samelewing' van man en vrou in die huwelik), wat op telkens toenemende wyse (ware, beantwoordende) kennis tot vrug het" (Stoker, 1969:283). Geloof aan die kenbare is dus nie slegs konstitutief vir die kenne nie, maar ook regulatief. Want deur die oorgawe aan die kenbare word

die daarop gefundeerde kenne daardeur gelei soos 'n vraag 'n antwoord lei.

c. Met die ontmoeting van die kenner en kenbare is 'n wedersydse "tegemoetkoming" gegee. Van die kant van die kenne is dit 'n transendensie tot die waargeneemde (ontwaarde); en van die kant van die kenbare 'n ingressie van die kengegewens (ontwaring). Volgens Stoker (1969:283, voetnoot) is "ingressie" nie net met die waarneming (ontwaring) gegee nie. Dit is byvoorbeeld ook gegee waar die fisiese met die biotiese, die biotiese met die psigiese en die psigiese met die "geestelike" in kontak kom; en ook waar God Self (met sy alomteenwoordigheid, instandhouding en bestiering van die kosmos, asook met sy openbaring) in die kosmos "ingaan". As iemand byvoorbeeld 'n roos waarneem, word die roos soos waargeneem (al bly dit self in sy bestaan "buite" en van die waarneming onafhanklik) "inhoud" van die waarnemingsakte; en transendeer die waarnemingsakte tot die roos (wat onafhanklik van die waarnemer bestaan).

Hier stuit ons op 'n misterie van kenne (in casu van die ontmoeting van kenner (resp. kenne) en die kenbare). Die roos self is iets anders as waarneming; die waarneming (as akte) iets anders as die roos. Tog ontmoet die twee mekaar. Die roos wat waargeneem word is dus nie louter subjektiewe bewussynsinhoud nie. Stoker benader nie die kenbare met die kousale metode nie, maar hy "benader die kenbare (i. c. die roos), 'fenomenologies', d.w.s hoe dit in en met die waarneming gegee is, homslf openbaar" (Stoker, 1969:283).

Van die probleem van transendensie verklaar Stoker (1969:283): "Want kenne pretendeer 'n kenne te wees van iets wat aan die kenne transendent is (d.w.s 'buite' en onafhanklik van die kenne is), en wat om waar te wees aan die transendente behoort te beantwoord".

Hoe is transendensie van kenne moontlik? Hierop antwoord Stoker dat wie met die kengegewens as louter "subjektief" (bewussynsimmanent) opgevat, begin, die transendensie van kenne agterna, tensy op kunsmatige wyse, nie kan begrond nie. Die transendensie van kenne moet reeds by die "aanvang", dit wil sê by die ontmoeting van die kenner en die kenbare aanvaar word om transendensie en kenne tot sy reg te laat kom. Ten einde sowel die ingressie as transendensie met die kenne (waarneming, ontwaring) tot sy reg te laat kom, moet 'n omvattende kenprinsipe egter gevind (ontdek) word. Hierdie prinsipe is volgens die Wysbegeerte van die Skeppingsidee die (deur H. Bavinck gestelde prinsipe) van openbaring. Openbaring is dus die eintlike sleutel tot die kenprobleem (Stoker, 1969:287, 288).

Die openbaringsprinsipe vereis iemand wat openbaar, naamlik God, iets wat geopenbaar word, naamlik die kenbare en iemand aan wie geopenbaar word, naamlik die mens as kenner.

Openbaring vereis dus 'n ontmoeting van kenner en kenbare, die taak wat die kenbare as moontlikheid aan die kenner skenk en die geloof van die kenner aan, en daarmee sy aanvaarding van wat hom geopenbaar word. Die prinsipe van openbaring laat voorts sowel ingressie as transendensie van kenne van die begin af tot hul reg kom (Stoker, 1969:284).

## 2.3 Die kengang

Met die kengang word in die Wysbegeerte van die Skeppingsidee nie die historiese proses van kenne nie, maar die aard van die kenproses bedoel. Die aanvang van kenne is teleologies gelaai: die doel is 'n kenne wat aan die kenbare beantwoord. Vir die gang van die een pad (ontmoeting) na die ander (beantwoordende kenne) is talryke (verwerkende en bywerkende) kenaktiwiteit nodig (Stoker, 1969:287, 288). Een van hierdie kenaktiwiteite is dié van denke in die vorming

van denkbeelde. Na aanleiding van wat hy van die kenbare ontvang vorm hy beelde:

a. Denke vorm begrippe en laasgenoemde is denkbeelde.

b. Denke vorm oordele en ook oordele is denkbeelde.

c. Deur afleiding vorm die denker van een of meer oordele 'n ander oordeel. Hy skry sodoende van denkbeeld tot denkbeeld voort - ook redenering genoem.

d. Die kenner vat denkend saamhorige denkbeelde in 'n omvattende denkbeeld (ontwerp, skema, model, sisteem, teorie) saam.

Stoker onderskei ook tussen "begrip" en "idee". Eersgenoemde is 'n denkbeeld wat die mens denkend beheers, begryp, terwyl laasgenoemde 'n denkbeeld is waarvan die mens die sin kan verstaan, maar wat sy verstand te bowe gaan. So kan ons van 'n boom 'n begrip vorm, maar van byvoorbeeld God, wêreld en mens vorm ons net ideë (Stoker, 1969:288).

Ook onderskei Stoker afleidende en diskursiewe denke (die vorming van 'n denkbeeld na aanleiding van ander denkbeelde) en intuïtiewe denke (waar denke nie afleiding is nie, maar na aanleiding van die kenbare onmiddellik van beeldvorming tot beeldvorming oorgaan).

Denkbeelde tesame vorm 'n eiesoortige denk- (logiese of teoretiese) "wêreld", 'n "gedagtewêreld." Alhoewel die kenner in sy gelowige oorgawe aan die kenbare, nie oor die kenbare beskik nie, het hy nogtans oor sy denkbeelde 'n beskikkingsmag. Dit het sommige denkers verlei om aan 'n outonomie van die rede te glo. Dit beteken dat daar op allerlei wyse "aan die denke met sy vorming van denkbeelde 'n supremasie, 'n selfheerlikheid toegereken (word), waarvolgens geëis word dat denke oor waarheid beskik, dat alle probleme voor die vierskaar van die denke (die rede) besleg moet word, en dat dit wat die denke met sy 'outonomie' nie kan verklaar"

(bv. wonders) nie, onaanvaarbaar is. Die geloof (want dit is geloof) aan die opperheerskappy van die denke impliseer dat die denke nie net oor sy denkbeelde nie, maar oor die kenbare self beskikkingsmag het, waardeur deur implikasie God, wêreld en mens aan die denke onderwerp word" (Stoker, 1969:288-289). Hierteenoor stel Stoker dat die denke nie outonoom is nie, maar wel soewerein in eie kring, en as sodanig volle erkenning verdien. Ook die irrasionalisme, die teenoorgestelde uiterste van rasionalisme, kan sonder denke en die vorming van - sy dit dan irrasionele en dinamiese - denkbeelde nie kaarkom nie.

Die vorming van denkbeelde is dus, volgens Stoker 'n noodsaaklike hulp vir die kenne om al breër en dieper in die kenbare in te dring en die kenbare te ontsluit. Dit staan in diens van die kenne om tot waarheid te kom. Denke alleen is vir die vorming van kennis ontoereikend. Kenne is meer as denke en sluit denkarbeid in, dit wil sê maak daarvan gebruik: "Want kenne vereis, behalwe denke aan die een kant die ontmoeting met die kenbare (met behulp van waarneming, resp. ontwaring) en probleemontdekking (resp. vinding), en aan die ander kant die verifikasie o.a. van 'n deur denkarbeid verkreë moontlike oplossing van 'n betrokke probleem aan die kenbare" (Stoker, 1969:290). Dit is die kenne wat die denke sinvol maak en nie omgekeerd nie: "Denke is middel in diens van kenne."

Hierdie insig is een van die kragtigste weerleggings van die dogma van die outonomie van die denke (rede) (Stoker, 1969:291).

As gevolg van die hipertrofie van die denke, waar dit self tot doel verhef word en die kenne usurpeer, word die dualiteit van die kenbare en die teoretiese (of denk-) wêreld deur 'n dualisme (vervang), waarby die kenner vir die aard en grense van die denke, asook vir die verhouding van denke en kenne verblind word; of die denkwêreld word dan tot werklike wêreld gehipostaseer (Stoker, 1969:292). Dergelike oorskryding van sy grense deur die denke word

oorspronklik deur die sonde bepaal. Fundamenteel is dit egter die fout van die hele mens wat dink.

## 2.4 Die voleinding van kenne

Die voleinding van kenne is net soos sy aanvang en gang nie histories bedoel nie, maar wel relasioneel, want met elke probleemoplossing ontstaan nuwe probleemvinding. Wat die voleinding van kenne betref is die volgende aspekte van besondere belang:

a. Met die vorming van denkbeelde het die kenne(r), na aanleiding van en naas die kenbare, 'n teoretiese wêreld gevorm wat van die kenbare onderskei is. Met sy denke as sodanig rig hy sy aandag nie meer direk op die kenbare self nie, maar op sy denkbeelde en hul samehang. Daardeur kom hy op 'n afstand van die kenbare te staan. Hoewel dit belangrik en nodig is, ontstaan tog die gevaar dat die distansiëring van die denke van die kenbare 'n afsondering word waarby die kenne(r) in die logiese sfeer van die abstraksie (in sy denkbeelde) bly vassteek. Dan word die dualiteit van die kenbare en die denkbeelde (die teoretiese wêreld) 'n dualisme, dit wil sê word laasgenoemde van eersgenoemde geïsoleer, en foutiewelik die vorming van samehangende denkbeelde as die eintlike ideaal van kenne gestel. Hierdeur word die kenne ontspoor. Want kenne wil waar wees, dit wil sê dit wil aan die kenbare beantwoord, terwyl die denke nie uit homself die waarborg van die waarheid van kenne kan bied nie (Stoker, 1969:294).

   Met die dualisme sluit die denke hom van die kenbare af, het dit die transendensie tot die kenbare verloor, is die kenner die sleutel tot waarheid kwyt en dien die denke nie meer om die kenbare te ontsluit nie. Die denke is nie die laaste antwoord op die taak deur die kenbare aan die mens as kenner gestel nie. Nie die denke nie, maar kenne voleindig (relasioneel) die denkproses en wel deur die denkbeelde aan die kenbare te verifeer en sodoende breër en dieper in die kenbare in te dring

en dit te ontsluit. Die dualisme van die kenbare en die wêreld van denkbeelde moet vermy word en die dualiteit moet oorbrug word, as die kenne (relasioneel) voleindig sal word (Stoker, 1969:294).

b. Hierdie dualiteit kan oorbrug word en die gevaar van die ontsporing van die kenne word vermy in dié mate wat die vorming van denkbeelde deur die kenne gerig en gelei word, denbeeldvorming as middel in diens van kenne gebruik word en die kenne die denkbeelde aan die kenbare verifeer (Stoker, 1969:294).

c. Hierdie verifikasie geskied deurdat die kenne, tot die kenbare transenderend, die denkbeelde aan die kengronde (die kenbare, die geopenbaarde) sal verifeer. Dit beteken dat die kenne, verryk met denkbeelde as moontlike antwoord op die gevraagde, die kenbare weer sal ontmoet. Waar geloof aan 'n bepaalde denkbeeld hierdie ontmoeting verhinder, mag dit gebeur dat die kenbare, van homself getuigend, ingressief deur die hom versluierde denkbeelde heenbreek. Vir albei gevalle is die fundamentele eis dat die kenner oop sal wees, sodat die kontak met die kenbare in ontmoeting sal oorgaan (Stoker, 1969:295). Hierdie "oopheid" beteken dat die kenner universeel oop sal wees met betrekking tot die kenbare, oop vir alles wat ontwaarbaar is deur middel van die sewe kenkanale, oop vir alle relevante beginsels, feite en waardes, oop vir die juiste probleemvinding, oop vir die aangewese metodes, oop vir die kosmiese wetsorde, oop vir die waarheid van voorwetenskaplike (waaronder lewens- en wêreldbeskoulike) kenne, oop vir die waarheidsmomente by andersdenkendes, oop vir selfkritiek en kritiek van andersdenkendes op die eie denkbeelde, ensovoorts. Oopheid vereis veral strenge onderskeiding, dit wil sê positiewe en negatiewe kritiek betreffende die eie denkbeelde en dié van ander. Oopheid vereis eerlikheid, strenge versigtigheid en beskeidenheid. Die diepste krag om die kenner oop te maak en te hou is die liefde vir die waarheid. Slegs deur oop te wees

sal die kenner vry (d.w.s. antwoordend) ware (d.w.s. aan die kenbare beantwoordende) wetenskap vorm. Liefde, vryheid en waarheid gaan hier hand aan hand (Stoker, 1969:296).

d. Met verwysing na die epigram dat die geheel meer as sy dele is, stel Stoker dat dit ook vir die kenne geld. Kenne is die originêre geheel wat ontwaring en denke omspan, bepaal, rig en lei. Die omgekeerde "meganiese" metode waarvolgens kenne verstaan word uit byvoorbeeld die verhouding van 'n kensubjek tot 'n kenobjek of waarvolgens kenne gesien word as 'n resultaat van denkende verwerking van ontwaringsmateriaal, "stel" die hele kenprobleem op sy kop. Dit is 'n oorvereenvoudiging van die kenprobleem wat a priori die verhouding onder andere van kenne tot die hele mens wat ken, dié van kenne (as antwoord) tot die hele kenbare (met sy aanspraak) en daarmee tot God, kosmos en mens, asook dié van voorwetenskaplike tot wetenskaplike kenne uitskakel. En as hierdie (onder andere verhoudings) een maal a priori uitgeskakel is, kan hulle later nie meer erkenning vind nie, tensy op kunsmatige wyse (Stoker, 1969:297).

3. KENNE EN DIAFANEROSE

Die besondere waarde van die insigte van die Wysbegeerte van die Skeppingsidee (by monde van H. G. Stoker) vir die wetenskap (dus ook vir die regswetenskap) lê veral in

a. die besondere insigte wat aan die hand van die diafanerotiese metode blootgelê word en

b. die korrekte rol van kenne en van denke in die regswetenskap.

Van die diafanerotiese metode verklaar L. M. du Plessis (1980:202-203) : "Die reg is, anders as 'n boom of die menslike liggaam of 'n sel of 'n molekule, nie sintuiglik waarneembaar nie. Daarom kan die regswetenskaplike nie van die wetenskaplike metode van sintuiglike waarneming gebruik maak om die reg 'raak te sien'

(of te ruik of te hoor of te voel of te proe!) nie. En tog, om iets van die reg in sy uniekheid te kan sê moet jy iets van die reg te wete kan kom en dan jou kennis in taalkundige terme transponeer. Hiervoor gebruik jy die metode van intuïtiewe waarneming, van 'kyk' op sterkte van ervaring en belewing van jou konkrete leef- en ervaringswêreld - die sogenaamde diafanerotiese metode."

Die vraag is of 'n mens hoegenaamd tot 'n insig in beginsels (en dus ook van die sinskenne van die wetskringe) kan kom sonder die sogenaamde diafanerotiese metode.

Dit blyk dat Dooyeweerd die aard van hierdie metode verkeerd verstaan. Hy verklaar byvoorbeeld (Encyclopaedie, 1969a:86): "Deze richting is niet kritisch ingesteld doch poogt langs inductieve weg, door de zijn, wezensaanschouwing ('Wesensschau') apriorische wesens- (eidetische) wetmatigheden in het immanent in het bewustzijn gegevene op te sporen". Die klem wat Dooyeweerd op die kensubjek plaas moet aan die eie oorgewig wat hy in sy kenleer daaraan verleen, gewyt word (vgl. Dooyeweerd, 1980: 1 e.v. en 1953: 1: 3 e.v.).

Ten spyte van sy kritiek blyk dit dat Dooyeweerd ook hierdie metode toepas om tot 'n insig in die sinskerne van die modaliteite te kom:

> "It is the very nature of the modal nucleus (sinkern) that it cannot be defined, because every circumscription of its meaning, must appeal to this central moment (sinkern) of the aspect-, structure concerned. The modal meaning - kernel (sinkern) itself can be grasped only in an immediate intuition and never apart from its structural content of analogies" (Dooyeweerd, 1969 11:129).

Ook H. J. van Eikema Hommes (1965:32) volg Dooyeweerd hierin na. Hommes betoog dat die reg fundamenteel (dus wesentlik) iets anders is as en nie herleibaar tot die sedelike, die matematiese rede, die staatswil, sosiale feite, konvensie, kultuurvorming of geskiedenis, waarde, die psigo-fisiese, bevrediging van behoeftes, ensovoorts nie.

Hommes wil die fundamentele (onherleibare) aard van die reg vind. Van die wyse (metode) waarop Hommes die reg vind verklaar hy: "Schlechts 'n intuitief - teoretiese benadering is hier mogelijk, die hoogstens in een bepaalde term as vergelding, het de rechte maat betrachten of iets dergelijks tot verbale uitdrukking kan worden gebracht".

Van Hommes se metode om die aard van die reg te vind verklaar Stoker (1970:420): "Hoe weet hy (Hommes) in laaste instansie presies dat die sinskern van die juridiese onherleibaar is en in casu nie herleibaar is tot bv. die sedelike of die staatswil of die matematiese rede nie? Diafaneroties? Hoe onderskei hy tussen die sinskerne van reg en van die sedelike? Diafaneroties".

Telkens word in die geledere van die Wysbegeerte van die Wetsidee verwys na die naïewe ervaringshouding en onmiddellike belewing. Die enigste wyse waarop tussen die sinskerne van die wetskringe onderskei kan word is met 'n fenomenologiese (of diafanerotiese) onmiddellike insig of skoue. Dit is juis die diafanerotiese metode wat die regsfilosoof in staat stel om te besef dat dit onmoontlik is om die onherleibare sinkern van die reg analities te benader en in begrip te vat.

Met die diafanerotiese metode probeer ons juis om die fundamentele aard van die reg as sodanig te vind, daardie fundamentele aard waarvolgens reg rég en nie herleibaar tot iets anders is nie.

Dit blyk dat ook Van der Vyver (1982:93 e.v.) implisiet van hierdie metode gebruik maak om die sinkern van die reg te vind: "Wanneer dit op die wetenskaplike vasstelling van die juridiese sinkern aankom, ontstaan daar 'n besondere probleem: Elke regsfiguur en juridiese konsepsie word in terme van die sinkern beskryf, en die juridiese sinkern self kan eintlik nie anders as in terme van homself omskryf word nie, anders verval 'n mens in die soort verabsoluterings van 'n a- juridiese aspek van die werklikheid soos was 'n mens by die positivisme aantref".

## 4. KENNE EN DENKE IN DIE (REGS-)WETENSKAP

Op die voetspoor van Bavinck stel die Wysbegeerte van die Skeppingsidee dat openbaring die sleutel tot die menslike kenne is. Met hierdie insig kan ons wegbeweeg van die oormatige klem wat op die denke (ook in die regswetenskap) geplaas word. 'n Sprekende voorbeeld van hoe die regswetenskaplike homself deur 'n oorwig op die denke in sy wetenskapsbeoefening kan laat verlei vind ons by P. van Warmelo (1973:83): "Wanneer die regswetenskap behandel word, is dit 'n poging om 'n teorie van die reg daar te stel om die reg makliker hanteerbaar en begrypliker te maak. Die bedoeling is om 'n wetenskap op te bou, d.w.s. om 'n skema of sistematiek op te bou van daardie gebied van menslike kennis wat as reg bestempel word". In die finale instansie konkludeer Van Warmelo (1973:31): "Ons mag voorlopig van 'n s andpunt uitgaan dat die reg 'n sosiale verskynsel is en 'n menslike skepping is wat as 'n abstrakte begrip in die menslike verstand bestaan. Dit is dus 'n wilsproduk van die mens".

Deur die klem op die kenner te plaas kom die kenbare nie na behore in sig nie en verduister die Goddelike openbaring van die reg aan die mens. Aan hierdie oormatige klem op die denke kom ook die transendentale metode van die Wysbegeerte van die Wetsidee nie los nie.

Volgens die transendentale analise blyk dit dat die denke van of na aanleiding van die idionne 'n nuwe wêreld vorm, 'n wêreld van logiese objekte of Gegenstande (Kant), 'n "teoretiese" (Wysbegeerte van die Wetsidee). Stoker (1970:345) verklaar: "Ons het hier met 'n teoretiese konstruksie te doen, 'n Denksetzung wat tot die empirie of fenomena (Kant) en tot die naïewe ervaring (Wysbegeerte van die Wetsidee) hinzukonstruiert word, 'n Zutat, 'n toevoeging, 'n vormende toestandbrenging van iets nuuts - en wel volgens die aard en die struktuur van die natuurwetenskaplike (of, teoretiese) denke sëlf".

Ook vir die (regs-)wetenskap het dit belangrike implikasies indien, met die transendentale ondersoek, die klem op die verrigting van die denke geplaas word en nie, soos by die fanerotiese metode, op wat die idionne aangaande hulle self mee te deel het nie.

Saam met Stoker kan die (regs-)wetenskap verklaar: "Denke, denke, denke! Vanwaar die klem op die denke i.p.v. op die kenne (wat tog denke slegs as middel gebruik)? Denke moet tog vanuit die kenne en nie die kenne vanuit die denke verstaan word nie".

By uitstek is dit die klem op die denke (via Hegel, Kant, Descartes e.a.) wat die Goddelike openbaring aan die mens versluier, wat ons in-sig in die reg as ampsbehartiging, wat ons ondersoek na die ontiese reg volgens die orde van die skepping en die reg volgens die orde van die sondeval en verlossing verduister (vgl. Raath, 1983:239-248).

Alhoewel die intuïsie 'n handige metode in die hand van die kenner is, is dit nie die enigste nie en 'n mens moet voortdurend van die beperkinge van hierdie metode bewus bly.

Die menslike intuïsie is vanselfsprekend (in hierdie bedeling) onvolmaak en feilbaar sodat 'n mens nooit daarop aanspraak kan maak dat jy finaal in-sien (of "snap") nie: jou insig is altyd voorlopig, die "stem van die intuïsie" herhaal sig altyd maar weer en weer ... en kan 'n mens by geleentheid selfs gruwelik mislei: Voortgang in die menslike ervaring kán tot betere insigte lei, maar dit hoef nie noodwendig nie: die skerpheid of "produktiwiteit" van die intuïsie word deur die intensiteit van 'n mens se ervaring en belewing en jou "oopheid" (of "openheid") teenoor dit wat jy beleef en ervaar, medebepaal ('n mens kan goedskiks jou intuïsie - deur byvoorbeeld selektiewe ervaring - "afsluit" (laat) "afstomp" of in homself laat keer).

'n Toepassing en verdere uitbouing van die grondslae deur H. G. Stoker op die terrein van die kennisleer gelê (vgl 1941: 219 e.v.),

kan ook op die terrein van die regswetenskap, God se openbaring tot sy volle reg laat kom.

BIBLIOGRAFIE

DOOYEWEERD, H. 1953. A new critique of theoretical thought. Vol 1. Philadelphia: The Presbyterian and reformed publishing company.

DOOYEWEERD, H. 1969a. Encyclopaedie der rechtswetenschap. 5dle (Aangehaal as Encyclopaedie). Amsterdam: Bureau Studenteraad V.U.

DOOYEWEERD, H. 1969b. A new critique of theoretical thought. Vol II. Philadelphia: The Presbyterian and reformed publishing company.

DOOYEWEERD, H. 1980. In the twilight of western thought. New Jersey: Craig.

DU PLESSIS, L. M. 1980. Regswetenskaplike variasies op filosofiese temas. Potchefstroom: Pro Rege-Pers.

HOMMES, H. J. van Eikema. 1965 De Methodische betekenis van het recht. Turdle: NV Uitgewersmaatschappij W.E.J. Tjeenk Willink.

RAATH, A. W. G. 1983. Ampsbehartiging, ampsbediening en ampsgeborgenheid: enkele perspektiewe op H. G. Stoker se regsbeskouing. Koers 48 (4) 238.

STOKER, H. G. 1941. Grepe uit die Wysbegeerte van die Wetsidee: selfbesinning en wysbegeerte. Koers 8:219.

STOKER, H. G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg: De Jong.

STOKER, H. G. 1970. Oorsprong en rigting Band II. Kaapstad: Tafelberg.

VAN WARMELO, P. 1973. Regsleer, regswetenskap, regsfilosofie. Kaapstad/Wynberg/Johannesburg/Durban: Juta.

VAN ZYL, F. J. en Van der Vyver, J. D. 1982. Inleiding tot die regswetenskap. Durban: Butterworth.